



TOULEIER



Dertien jaar later is ons nou by Nommer 400!

Toet-toet-toet, toet-toet-toet, toet-toet-toet . . . Ek onderbreek hierdie week die gebruikelike geselsie oor ek en kamermaatjie se ervaringe oorsee met die nuus van die amptelike viering van **Kammanuus** se 400ste uitgawe!

Hoekom, waar en wanneer het **Kammanuus** ontstaan? Hoekom: Die lus vir Afrikaans praat en skryf word mos net al hoe erger hoe langer mens oorsee bly. Waar: Taiwan! Wanneer: Êrens tydens 2002.

Net nadat ons in Taiwan geland het, is ek een aand besig om sistematies uit te pak en deur die talle kartonbokse te snuffel. Net twee van hulle het regtig boeke in gehad. Die ander drie was vol rooiwyn uit Suid-Afrika.

Die lus was al baie groot. Daardie aand sit ek oudergewoonte weer voor die neukenaar en luister na RSG terwyl ek verlang na my land en my mense en die taal wat ons praat. Die eie manier waarop ons 'n ding sê. Dié keer is daar ook 'n glasier goeie rooiwyn op die lessenaar. Die glasier het 'n lek. Ek moet hom gereeld hervul.

Net toe ek lekker op my sensitiefste is, gaan staan en speel hulle mos 'n versoek vir 'Stuur Groete vir Manneljies Roux' van Laurika Rauch. Die wingerdoggies aktiveer toe verborge en sluimerende sintuie in my. Snot en tranes verlang ek na Sonskyn, Rugby en Chevrolet. Net daar en dan besef ek hoe baie ander ook in dieselfde bootjie moet wees. Mede 'diasporadiese' reisgenote in bootjies na Kammaland.

Dit was nog in die tyd voor Whatsup en Twitter. Die tyd van kletskamers op die internet. Ek werf dadelik vrywilligers onder al my kletsmaatjies en ons stig Onsdorp, die nuwe kuberhoofstad van uitgeweke Afrikaanssprekende sielsgenote wêreldwyd.

Kammaland, omdat dit net in die kuberruimte bestaan, met sy twee provinsies, Duskantland en Anderkantland. Kammanuus word aanvanklik wekeliks uitgestuur as e-pos en ons begin deel met ons vriende en familie tuis en oorsee ons wedervaringe in die vreemde.

Die dorpsraad het bestaan uit mense so ver uitmekaar soos Johann Venter in Amerika, Sonja Zino in Israel, Marie-Louise (Meraai) Oosthuizen De Gutierrez in Meksiko en Anita Matthews in Doebai. Natuurlik ook 'n paar manne in Gatkantland (Australië).

Na 'n paar jaar begin die lesers se briewe, die lewensbloed van die nuusbriewe, gaandeweg opdroog. Dan ontmoet ek eendag vir Org Potgieter in Onsdorp se kuberstrate. Soos met baie van julle, leer ek vir Ouwaas ken sonder dat ons aanvanklik fisiek ontmoet. Hy is 'n afgetrede joernalis en willig in om sy gewig in te gooi en die briewe te versorg en persgereed te kry met allerhande pittighede en lekker eg-Afrikaanse peuselkos. Ons stem toe ook saam daar is oorgenoeg swartgallige nuus oor moord en doodslag. Ons sou voortaan liever net konsentreer op stukkies en stories waaroor jy kan lag en jou verkneukel en ook so 'n bietjie taal en kultuur.

Ons Stamboom-afdeling, wat Ingrid Maritz behartig word, is baie populêr en sorg darem dat ons lesertal stadig maar seker groei. Baie baie dankie aan die van julle wat so gereeld bly skryf en artikels en grappies instuur. Groete uit Sandkanland, waar die kwik laasweek oor die 50 grade opgestoot het.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER_pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

HET JY GEWEET?



'n Sweedse vrou het haar ring in haar tuin verloor en dit 16 jaar later aan 'n geelwortel gekry.

KAAPSE SÊGOED

Die Kaapse bloed kan met kostelike sêgoed vorendag kom.

♦"Waar is die kind se pa?" "Hy het gaan seep koop," menende hy het gegly, verdwyn.

♦"Oe! Hoe lekker laat sak jy sy vlag!" (jy het hom lekker die waarheid vertel.)

♦Dieselfde betekenis: "Hoe lekker buig jy sy bumper."

Afrikaanse juweeltjies

Kyk maar self hoe jy die volgende in Engels sal moet vertaal!

Ek skrik nie vir koue pampoen nie.

Die kloutjie by die oortjie kry.

Jou kierang gaan braai en jy gaan streepsuiker kry.

Nie hond haaraf maak nie. Die aap uit die mou laat. Dit maak my die hoenders in.

Nie al sy varkies op hok hê nie.

Historiese humor

"Ek het nooit 'n man doodgemaak nie, maar ek het baie in memoriums met groot vreugde gelees."

- Mark Twain

Limeriek

Daar was 'n jong nooi van Benoni
wat haar oë een dag nie kon gloni.
Sy het altyd gedog
sy's gebou om te spog -
en toe bly haar bikini nie boni!

ONS DORPIES (7)



Ingogo

Ingogo, sowat 25 km noord van Newcastle, was die toneel van die Slag van Schuinshoogte in 1881 (die Eerste Vryheidsoorlog).

Twee kommando's van gelyke sterkte – sowat 300 elk – was van middag tot ongeveer 17:00 by die slag betrokke. Die Britte het groot verliese teen die akkurate Boer-vuur verloor.

Die slag is laatmiddag beëindig toe swaar reën die Ingogo-rivier sterk gevoed het. Die Tommies het gedurende die nag spore gemaak en verskeie het in die rivier verdrink.

Engelse verliese was sewe offisiere en 69 man, met 68 gewondes. Aan Boerekant het agt burgers gesterf.

Die herkoms van gesegdes (50)

Vaandel: Met vlieënde vaandels (met groot sukses)

'n Vaandel is onder andere die vlag wat bo aan die skeepsmas gehys is; as 'n skip deur die vyand verslaan is, moes die vlag as teken van oorgawe gestryk word; as die vlag teen die mas vasgespyker is, was dit 'n teken dat die bemanning van die verslane skip tot die einde sou veg en die vlag dus nie gestryk kon word nie. Om met vlieënde vaandels terug te keer, het dus op 'n suksesvolle vaart gedui.

Veer: 'n Veer in iemand se hoed ('n pluimpie, 'n kompliment vir iemand)
'n Verwysing na 'n ou gewoonte in Asië, van die Amerindiane en ander volkere deur die eeue om 'n nuwe veer in hulle kopbedekkings te steek vir elke vyand wat gedood is. In Skotland en Wallis kry die jagter wat die eerste houtsnip skiet die eer om 'n veer van die voël in sy hoedband te steek.

Verkneukel: Jou verkneukel in iets (jou verlustig in iets)

Letterlik jou kneukels staan en vryf van lekkerte; toegeskryf ook aan 'n winkelier wat 'n goeie transaksie beklink.

Duskantlander in Anderkantland

Soveel slimmes rondom my

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Soms dink ek die lewe is 'n pokerspel. Jou hand word gedeel, en daarmee moet jy speel. Is geluk aan jou kant, kry jy nog 'n kans met nog 'n kaart, anders is jou opsies vou of bluf. So bekyk ek van die spelers om my. Die beste kaarte dink ek is dié met die fietse agterop, maar ander sit met lewenskaarte soos slimmigheid, kunstigheid, kookkuns, sporttalent, beeldskoonheid, smoustant en sponaiteit.

'n Buurman van my het die blinkste bles en meegaande bierpens, maar as daai ou straataf stap, dink hy hy's meer sexy as George Clooney.

So suksesvol is sy bluf dat hy van Doebai teruggekom het met 'n langbeen Russiese bom. Sy het haar beeldskone-lewenskaart uit. Buurman se ekstra speelkaart arriveer volgende maand as haar moeder se visa geprosesseer is.

Praat van iemand met 'n meestersgraad in blufspel: Rachel Dolezal gee voor sy is van gemengde bloed, maar in haar hand is twee spierwit ouers! Daar's nie pille vir domgeid nie, miskien speel sy haar smoustant?

Van die Ghana-spelers het sommer van speltafel verander en oorsee gaan sokker speel. Dis sekerlik nie kroek nie, mens wil tog sekerlik betaal word vir jou sokkertalent! In poker word die deler ontstig as enige speler se skelmstreek ontbloot word.

Ons leer nou maar eers van FIFA se \$10 miljoen skelmstreek. Maak dit hulle nou *All of a Kind*, wat willekeurig bakhandgestaan het vir die laaste 24 jaar? Seker maar fluit-fluit hulle storie is uit, of het slim nou sy baas gevang? Anders as die RSA se toesmeerdery sal alles in die VSA oopgevelek word. Tyd dat die spelers hulle hande-wys, ook die onder-die-tafel-stelery.

Hierdie week sit Akkra se burgemeester kiertsregop agter sy pokergesig. Hy is 'n ou gesoute speler wat sy politieke medespelers in die media kaalgat uittrek. Dis 'n erge vingerwysery en laai van die dobbelpot oor wie moet blaam neem en betaal vir al die vloedskade en lewensverlies van die reënoorstromings.

My man vertel my 'n ware leier moet na homself in die spieël kyk in taai tye, nie by die venster uit en soek na iemand om te blameer nie.

Hierdie burgemeester is 'n ou grootbek wat poep teen 'n donderstorm, want dit reën erger as twee jaar gelede.

Al wat intussen gebeur het, is hy het 'n onbenullige toekenning as beste burgemeester in Afrika in ontvangs geneem. Bid jou dit aan, nogal die beste ene. Ha! wat is daai ou sêding van elke brommer is koning van sy eie mishoop?



'n Mens kan party om jou vir 'n wyle flous, maar aan die tafel kan jy almal nie vir altyd flous nie. Mense lees jou lyftaal, veral as jy jouself verkleurmanneltjie hou. Miskien staar burgemeesters en politieke varke hulleself vas in die prentjies op die pokerkaarte?

Eers kruip hulle in die **harte** van mense, mooiste suikersoet beloftes in persverklarings, dan **grawe** hulle hulself in **hoeke** nadat hulle die **diamant**-waarde van staatsbesteding ontdek het.

Dan sit hulle en **pruim** sodra hulle hand gewys is en almal beseft hulle is die ene blufspel. Seker nooit te laat om te besluit wie is die Jokers en wildekaarte nie, en of hulle met die res van die kaartepak ingesluit moet word nie. Almal speel nie met 'n volpak kaarte nie.

Miskien moet alle politieke honde en burgemeesters 'n hondestert bykry die oomblik as hulle 'n setel wen. Honde lieg nie. Daai stert kan mos soos 'n spieël in daai ou se mensesiel wees. Niks gebluffery of sielkunde nie. Waai diestert is ons almal op die regte pad, maar smaak my almal om ons hol stert tussen die bene rond!

Ha-ha, sien hoe speel ek my slimmigheid lewenskaart. Hoesê van slim vang sy baas?

Hulle wat jou sonder skuld los, sal geloof word.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



JOGA

'n Meisie was bekommerd oor haar gewoonte om haar vingernaels af te byt.

'n Vriendin beveel toe aan dat sy joga moet probeer. Sy het, en gou was haar vingernaels normaal. Haar vriendin vra toe of die joga haar spanning verlig het.

'Nee,' antwoord sy, "nou kan ek my toonnaels bykom, dan kou ek hulle af."

DEMOKRASIE

'n Swart seuntjie vra sy ma: "Mamma, wat is demokrasie?"

"Wel, seun, dis wanneer wit mense elke dag werk sodat ons ons voordele kan kry - gratis skole, gratis huise, gratis gesondheidsdienste, water en elektrisiteit. Sulke goed."

"Maar Mamma, maak dit nie die wit mense die moer in nie?"

"Natuurlik, Seun. Dis wat ons rassisme noem."

WEES BLY!

'n Lang passasierstrein, getrek deur twee dieselenjins, was op pad deur die Haai Karoo.

Iewers langs die pad het die een enjin die gees gegee en die drywer het besluit om met net een enjin voort te ry.

'n Paar uur later breek die ander enjin, en daar gaan staan die trein tussen êrens en nêrens.

Die drywer maak toe 'n aankondiging vir al die passasiers:

"Ek het slegte nuus en goeie nuus.

Die slegte nuus is dat albei enjins kapot is en ons sal 'n hele paar uur hier moet wag.

"Die goeie nuus is dat julle bly moet wees julle het nie gevlieg nie."

GALGEHUMOR

So hoor ek van die geval van die klomp skape agter op die lorrie.

Hulle is op pad slagpale toe en die drywer ry iets vreesliks, dit skud, skommel en hulle val rond.

Sê die een skaap vir sy maat:

"As hierdie drywer aanhou om so te ry, haal nie een van ons vandag daai slagpale lewendig nie."

KLAAR TE LAAT

"Dokter, dokter, my vrou dink sy's 'n eend."

"Jy moet haar dadelik inbring sodat ek kan kyk of ek kan help."

"Ek kan dit nie doen nie - sy't reeds suid gevlieg vir die winter."

RED DIE AARDE
Dis die enigste planeet
wat biltong het.

Moenie so baie wonder of die
glas halfvol of halfleeg is nie.
Onthou net hy is hervulbaar.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Drie Amerikaanse agtervelders sit en gesels.

- ♦Nommer Een: "My vrou is simpel! Sy het 'n lugverkoeler gaan koop!"
 Nommer Twee: "Hoekom is dit simpel?"
 Nommer Een: "Want ons het nie elektrisiteit nie!"
- ♦Nommer Twee: "Dis nog niks. My vrou is so simpel, sy het een van daai nuwe wasmasjiene gaan koop!"
 Nommer Een: "Wat is simpel daaraan?"
 Nommer Twee: "Ons het nie water en krane nie, ons dra ons water met emmers uit die boorgat aan."
- ♦Nommer Drie: "Nee, my vrou se simpelgeit vat die koek. Ek krap nou die dag in haar beursie, en kry ses kondome!"
 Nommer Een en Twee: "Wat is so simpel daaraan?"
 Nommer Drie: "Want sy het nie eers 'n stingel nie!"



'n 83-jarige oorlogsveteraan het per vliegtuig in Parys aangekom. Terwyl hy na sy paspoort soek, vra die streng doeanebeampte of hy al voorheen in Frankryk was.

Hy sê ja, waarop sy sarkasties sê dat hy dan moet weet hy moet sy paspoort gereed hou.

"Ek het dit nie laaskeer gedoen nie," sê hy.

"ONMOONTLIK!" sê sy. "Alle buitelanders moet altyd hul paspoorte wys om toegang tot Frankryk te kry!"

Die oudsoldaat fluister toe:
 "Wel, toe ek op D-Dag in 1944 met die strand aan land gekom het, was hier nie een donnerse Fransman aan wie ek dit kon toon nie!"

**Ons doen
 liever sake
 met 1000
 volgelinge
 van die ANC
 as met
 EEN BOER!**

Wie sal dit waag om so 'n advertensie in hulle venster te plaas?

Laat ons dit toe omdat ons Boere Afrikaners vryheid van spraak voorstaan?

Of omdat tog maar net 'n advertensiebordjie is?

Nou is die vraag: Watter soort besigheid sal dit waag om só 'n advertensie in hulle venster te plaas?



'n Begrafnisondernemer – en dan dink ons hulle is sonder humor!

Stamboom

Help ons familiesoekers

ELOFF riekie31@mobileemail.vodafonesa.co.za

Ek is op soek na inligting oor Eloff kinders wat in 1950 in Colesberg in die OVS aangeneem is. Die een se name was Barabra Susara Eloff, sy is deur Gouws mense aangeneem. Sy is in Zastron in die OVS gebore, 07-06-1946. Haar naam is verander na Antonette Gouws. Ek soek na die name en geboortedatums van haar ouers en suster. Groete Anne-Marie du plessis

JORDAAN rozaan22@gmail.com

Addisioneel: Rosa Herminiena Maria Jordaan getroud met Frederik Daniel Jacobus Visser, (1897- 1951) Ek het geen datums Rosa nie.

LAMPRECHT divan1091697@gmail.com

Ek is Divan Lamprecht. Ek is besig met 'n familieboom van die Lamprecht-familie en kort inligting. Tot dusver weet ek my oupagrootjie en oumagrootjie se name was Tobias Johannes Lamprecht en Eva Kesia Lamprecht (gebore Barnard). Tobias Johannes se pa se naam was Marthinus Christoffel Lamprecht en sy ma se naam was Elizabeth Johanna Lamprecht (gebore Nortjé). As iemand inligting oor hulle of hulle voorvaders het, kontak my asseblief. Dit sal grootliks waardeer word.

SOEK SY BIOLOGIESE OUERS:

SCHWAN eartymeal@telkomsa.net

Ons is op soek is na my man Anton Kruger se biologiese ouers en familie. Hy is geregistreer as Anton Schwan en gebore op die 3de Julie 1962 in die ou Paul Kruger Hospitaal in Rustenburg. Ons soektog het gister begin so dit is in die begin stadium en ons kyk orals waar daar inligting van die Schwan Familie van daai omliggende areas is.

STEYL steylelbie@gmail.com

Addisioneel: ek wil leonsteyl@gmail kontak sy besonderhede is op die stamboomblad beskikbaar, maar kan nie kontak maak nie

VAN NIEKERK siasheleen2@telkomsa.net

Catharina Fredrika. Gebore van Niekerk te Dealsville 1883. Trou toe met Nel, toe Coetsee en daarna met Venter. Is begrawe te Schweizer Reneke in 1965.



Rooiwyn is beter as oefening, sê wetenskaplikes

Die wetenskap het goeie nuus vir wynboere, maar slegte nuus vir gimnasiums. Nog wetenskaplike bewyse van die gesondheidsvoordele van rooiwijn is gevind.

Navorsers by Kanada se Universiteit van Alberta het ontdek dat, behalwe al sy ander voordele, rooiwijn gesonder is as 'n uur se gimnasiumoefening.

Die navorsers het 'n natuurlike bestanddeel – resveratrol – in neute, druive en rooiwijn gevind. Hoë dosisse daarvan in mense het hul fisieke vertoning, hartfunksie en spierkrag verhoog.

Dit is dieselfde effek as wat met ekstensiewe uithou-oefening bereik word en dit sal veral vir pasiënte wat nie fisieke oefening kan doen nie voordelig wees, het Jason Dyck aan *Science Daily* gesê.

Nou ja, wie is ons om teen die wetenskap te stry?

En dan kla jy!

Jou motor is waarskynlik Duits. Jou vodka is Russies.

Jou pizza is Italiaans. Jou kebab is Turks.

Jou demokrasie is Grieks.

Jou koffie is Brasiliaans. Jou rolprente is Amerikaans.

Jou olie is Saoedi-Arabies. Jou elektronika is Chinees.

Jou syfers is Arabies, jou letters is Latyn.

En dan kla jy omdat jou buurman 'n immigrant is?

Tyd om wakker te word!



Lekker Lieg storie oor weerlig en Boerewors

Ou Grootmaat sê hy dink vandag aan die klere-aanpassery tussen die kinders. "Jy moet weet, ek was van die laastes van die dertien daar in die Kalahari en teen die tyd dat die goed by my uitkom, kon jy al deur hulle kyk.

Jy weet, ons het só swaar gekry; ek het my eerste onderbroek vir my matriekafskied gekry! Maar daar was ook lekker dinge, soos die slagtery in die winter. Dan kom al die kinders 'n slag huis toe en ons kuier 'n hond uit 'n bos."

Hy vertel hulle was weer een jaar almal bymekaar en daar word vir die slagtery voorberei. In daardie jare was die beste wild en hulle moes uitry veld toe waar hulle geskiet en die vleis somer daar bewerk het.

So ry hulle een môre uit veld toe met worsstoppers, meulens, kruie, derms, tafels, skottels en wat dies meer sy. Hulle was gelukkig daardie dag en dryf die beste teen 'n lyndraad en skiet drie pragtige tollies. Die slagtery begin en die vrouens roer met die vleis. Gelukkig is hulle langs die lyndraad en die vroue hang somer sulke stringe wors oor die draad om af te droog.

Toe kom daar 'n onweer en 'n donderweerblits slaan so 'n tien myl van hulle af op die lyndraad en ál daardie wors was oombliklik gaar!

Hulle sit toe vir veertien dae daar by daardie kamp voor hulle al daardie wors opgeëet het. Hy sê tot vandag toe eet hy nie meer wors nie. Ek neem hom nie kwalik nie.

ALMAL moet verdraagsaam wees!



'n Omroeper in Las Vegas praat:

"Ek is so ontsteld dat so baie mense gekant is teen nog 'n moskee hier. Ons moet dit toelaat in die gees van verdraagsaamheid teenoor ander.

"Daarom stel ek ook voor dat daar twee nagklubs weerskante van die moskee gebou moet word.

"Oorkant die straat kan ons 'n slaghuis oprig wat in varkvleis spesialiseer, en langs hom 'n opelug varkbraarestaurant met die naam Iraq of Ribs.

"Ons bou dan somer ook 'n onderklerewinkel en ons noem dit Victoria Keeps Nothing Secret, met sexy mannekynne in die venster wat die goedjies adverteer. En wat van 'n drankwinkel? Ons noem hom somer Get Morehammered.

"Op dié manier kry die Moslems die kans om te toon hoe verdraagsaam hulle teenoor ons is. Ja, ons moet verdraagsaamheid en saambestaan propageer. Doen jou deel en vertel jou vriende van hierdie goeie plan.

"En as jy teen hierdie tyd nog nie glimlag nie, is dit verby jou slaaptyd. Of dis dalk middernag by 'n oasis en jy het vergeet om jou kameel in die bed te sit!"

Kortetjies oor rugby

Tydens 'n aandwedstryd: "Haai Ref, hoe kry jy dit reg om te slaap met die ligte aan?"

Ek dink 'n mens geniet die spel meer as jy nie die reëls goed ken nie. Buitendien is jy dan op dieselfde golflengte as die skeidsregters.



Die beroemde **HIPNOTIS** maak toe 'n glips!

DIT was vermaaklikheidsaand by die ouetehuis en die bekende Max Collie was die aand se top vertoner met sy hipnotiese truuks.

Hierdie aand kondig Max aan dat, anders as gewoonlik waar hy net so drie of vier mense verhoog toe roep en onder sit, gaan hy dié aand **ALMAL** in die gehoor hipnotiseer.

Die atmosfeer was elektries terwyl Max stadig 'n pragtige goue sakhorlosie aan 'n ketting uit sy baadjiesak haal.

"Ek wil hê elkeen van julle moet die horlosie baie stip dophou. Dis 'n baie spesiale horlosie en is al baie lank in my familie."

Hy begin die horlosie stadig heen en weer swaai terwyl hy oor en oor herhaal "Kyk die klok, kyk die klok!"

Heen en weer swaai die pragtige goue horlosie, en heen en weer volg honderde paar bejaarde oë dit, vasgevang in die ritme en die stem.

Skielik glip die ketting uit Max se hand en die horlosie val op die grond en spat in honderde stukkie.

"Sjit!" skree Max

Dit het drie dae geneem om die plek weer skoon te kry.



'n Verjaardag wat ek altyd sal onthou . . .

Ek is die oggend die trappe af, hopende dat my man my met my verjaardag sal gelukwens en dalk nog 'n klein presentjie vir my het. Maar hy het skaars gegroet.

Ek het gedink my kinders sal darem onthou, maar hulle het net hul ontbyt geëet.

Toe ek by die kantoor inloop het my aantreklike baas, Rick, my vriendelik gegroet en geluk gewens. Dit het my darem beter laat voel.

Eenuur het hy aan my deur geklop. "Dis so heerlijk buite, kom ons gaan eet iewers. Dis mos darem jou verjaardag."

Ons het alleen eenkant by 'n tafeltjie gesit en die kos was heerlijk.

"Dis so lekker buite, ons hoef seker nie terug kantoor toe te gaan nie," het Rick gesê.

"H'm," het ek gesê. "Seker nie. Wat het jy in gedagte?"

"Wel, kom ons gaan na my plek toe, dis net om die draai."

Toe ons by sy huis kom, het Rick na my gedraai en gesê: "As jy nie omgee nie, gaan ek net gou 'n draai in die slaapkamer maak. Ek is nou terug."

'n Paar minute later het hy by sy slaapkamer uitgekom met 'n groot verjaardagkoek, saam met my man, kinders en baie van my vriende en kollegas agter hom besig om 'Veels Geluk' vir my te sing.

Ek het net daar gesit . . . op die bank . . . heeltemal **nakend**.

Ek voel nie oud nie. Eintlik voel ek niks totdat dit middag word nie. Dan is dit tyd om 'n uiltjie te knip.

-- Bob Hope

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Die ander mans in my lewe help om van my 'n beter vrou en mens te maak.

Deur
DANIËL BEZUIDENHOUT

Ek beskou julle as deel van my familie en ek het die moed bymekaargeskraap ... Ek wil vandag by julle bieg. Ek moet dit net met iemand deel en julle is tog my vriende, so ek hoop julle verstaan en verkwalik my nie.

In my getroude lewe het ek al verhoudings met 'n hele paar ander mans gehad. Maak nie saak in watter dorp ons gebly nie. As ons in 'n nuwe plek aankom, belowe ek myself om nie oor te gee aan die versoekings om te kyk watter talent die dorp bied nie. Maar nee, ek gaan stop gou genoeg by my nuwe vriendinne. Hulle weet gewoonlik waar 'n mens dié tipe mans kan raakloop. En gewoonlik is ek nie teleurgesteld nie, en het ek 'n nuwe man aan my sy.

Ek weet julle sal my nie glo nie, en ek maak nie verskoning vir my gedrag nie, maar ek kan nie sonder hulle lewe nie. Julle moet my maar so aanvaar. Gelukkig het my man al gewoond geraak aan al hierdie ander mans wat hy met my moet deel. Glo dit as jy wil – dit dra tot my skoonma se goedkeuring weg!

Ek kon nog nooit 'n handige man weerstaan nie. Die meeste van my probleme kan my man self mee 'n plan maak, en hy weet ook, die ander mans in my lewe help om van my 'n beter vrou en mens te maak. Daarom gee hy nie te veel om nie. Hierdie mans is nie noodwendig goedkoop met hulle dienste nie, maar, om my gelukkig te hou is my man maar bereid om sy sak te skud vir my plesiertjies. Ek is voorwaar 'n gelukkige vrou, want watter man sal sy vrou deel met soveel ander mans?

My eerste verhouding in my getroude lewe was met Mr Min. Ek het hom ontmoet net kort voor my troue. Ek wou eers niks met hom te doene gehad het nie, maar kon later net nie meer sy dienste weerstaan nie. En so met die jare het hy homself bewys. Ek kan na al die jare nog altyd op sy nommer druk. Boonop hou ek my kant van die saak silwerskoon.

Toe ontmoet ek vir Handy Andy. Hy is nie so rond soos Mr Min nie, en was bietjie meer veelsydig – en daarvan hou ek baie. Hy het my regtig gehelp om van al my hardnekkige probleme ontslae te raak, probleme waarvoor my man nie eintlik kans gesien het nie. Vir 'n baie lang tyd het ek en die twee mans 'n goeie verhouding gehad.

So drie jaar gelede stel Mr Min sy ouer neef aan my voor. Ek was hoflik, hom ongesiens van 'n kant af bekyk en eers ignoreer. Ek het alles probeer om nie weer in die versoeking te val nie, maar dit is moeilik as jy hom elke dag in die winkels raakloop. Boonop het hy bietjie meer om die lyf en is nie bang om sy manlikheid te wys nie. Voor ek my kon kry, het ek vir Mr Muscle geval. Ek is tot vandag toe nog nie spyt nie.

Wat so nuttig is van hierdie verhoudings in my getroude lewe is dat ek meestal van hulle gebruik maak as my man nie by die huis is nie. Wat ek sonder Mr Battery, Mr Exhaust en Mr Tyre sou maak, weet ek nie. Hulle is wel bietjie duurder daarom maak ek net so nou en dan gebruik van hulle dienste. Gelukkig het die meeste van hulle 'n waarborg.

As ek saans te eensaam raak en my man werk laat of gaan slaap vroeg, dan bel ek my goeie ou vriend, Mr Video. Hy gee nie om dat ek hom net nou en dan nodig het nie. Ons het al ure saam deurgebring. Ons twee het al menigmaal saam gelag, saam gehuil en soms saam ons koppe geskud vir die mense. Wat lekker is van hom, is dat ek al die praatwerk aan hom kan oorlaat en my net geniet. Boonop gee hy ook glad nie om as ek huil nie en gee ook glad nie om

as ek in my nagklere loop nie. Hy aanvaar my net soos ek is, wat beteken hy sien kans vir al my buie.

Afhangende van die tyd wat ek op hande het, en ek behoefte het aan meer, bel ek vir Mr Delivery ook. Ek hoef nie eers agter hom aan te ry nie. Hy gee ook nie om om my met Mr Video te deel nie. Hy sorg gewoonlik vir pizzas, hoenderstukkies en ander heerlike eetgoed. Dis boonop twee verhoudings wat my man soms aanbeveel as hy sien sy ou vroujie raak te eensaam of is doodeenvoudig net verveeld.

My nuutste verhouding is met die drieling en oor hulle is ek vreeslik opgewonde. Lyk my hoe ouer ek raak, hoe meer sien ek kans vir nog. Hulle kan nogal my sak ruk, veral as ek hulle al drie besoek. Dit is die nimlike Mr Price Home, Mr Price Clothing en Mr Price Sports.

Ek is seker teen die tyd verstaan julle my dilemma oor die mans in my lewe. Ek is ook seker julle is self skuldig. Wys jou nou net, mens moet nooit sommer iemand anders veroordeel voordat jy die hele storie ken nie. En wees eerlik met jouself, wat sal ons sonder hierdie mans in ons lewe gemaak het? Ek oorweeg nog die Four Cousins, maar ai, hulle kan so luidrugtig raak hoe later hoe kwater en ek is maar n baie stil en op my plek tipe mens.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 20 JULIE 2015